

Songtekst: Pterodactyls (2019)

Part of the ONS PERSEKTIEF album

Performed by: BrotherTill & Hemelbesem

Written by: Simon Witbooi & Mathijs van Til

If your eyes are the windows of soul, oppas seun
Want ek gooi dit stukkend met ñ baksteen
Want julle sien nie wat aangaan nie
Somebody
Is lankal'ie meer die kanker in die Gam taal' ie
Wil slange hang, maar niemand wil die slang vang' ie
Sit handjies gevou amper soos ñ Sanlam hie'
Afrikaans gaan nie
Daar is skelms hoog...moet uitkyk
Gebruik tog net Salomo se wysheid
Julle kig net elmboog...dis suip tyd
Kom by, anders moet ek seermaak
In plaas van bloed as ekke weer braak,
Kots ek op geslote deure, dan kry jy ñ deurbraak

If a picture paints a thousand words, imagine net die duisende in my beeldspraak
Dié goed maak dat die bruisendes verveeld raak
En die huiskinders verdeeld raak
Even al die suigelinge speel pa
En dis hoe sagte vleis innit ñ eelt raak

**As my pen punt soe tussen my tekste rus
Wees gewis, die's verses van ñ perfeksionis
Cowboy wie hie in die weste is
Kyk wie's die aasvoël en wie die pterodactyl is**

**As my pen punt soe tussen my tekste rus
Wees gewis, die's verses van ñ perfeksionis
En ek blaas asof dit ñ gasket is
Kyk wie's die aasvoël en wie die pterodactyl is**

images uit die ondergrond, ñ actual fotograaf
Hulle wil hê jy moet soos Instagram net deur fotos praat
Jy gaan jou stem verloor ou maat
Soos jy reach for the stars van die wêreld af
Onthou net ...die sonnestelsel dit brand jou vlerke af.
So verander ñ engel in ñ devil en die hekse lag
Al is jy slim en binne in jou eie klas, student.. hie loop ñ skool hoof in my
Wees versigtig ou as hulle pik op jou. Daai paalement dit raak ñ oorhoofse pyn
Al sleep jy jou voete deur die nat sement, jy sal spoorloos verdwyn
En so diss hulle my,
Maar dis stil in my soos ñ distillery saans as jy luister
Kom spar met dié yster

Ek moet ñ voorbeeld maak van wat ek fluister
Weet jy hoekom noem hulle jou ñ luisteraar
Want dit lyk my dis raar dat jy luister...

**As my pen punt soe tussen my tekste rus
Wees gewis, die's verses van ñ perfeksionis
Cowboy wie hie in die weste is
Kyk wie's die aasvoël en wie die pterodactyl is**